KwetterBekkies Dagsorg (PTY) LTD REG Nr. 2020/726742/07 Direkteure: JG Greyling, HC Greyling

Amandelstraat 111, Amanda Glen, Durbanville Sel: 079 694 4448 of 082 897 3939

Epos: info@kwetterbekkies.co.za

# Baie welkom by KwetterBekkies Graad R!

My wens vir elke maatjie in KwetterBekkies Graad R is om elke dag met 'n GROOT glimlag skool toe te kom en hier te wil wees!

Ons personeel streef daarna om elke maatjie te stimuleer en onderrig dat hy/sy volgens sy/haar eie potensiaal en vermoëns sal ontwikkel. Ons hoofdoel met ons Graad R aanbieding is om deur middel van uitstekende gekwalifiseerde Grondslagfase juffrouens gerugsteun deur terapeute – ons maatjies doeltreffend voor te berei vir Graad 1.

Saam gaan ons elke dag ons waardes van **ontwikkeling**, **veiligheid**, **pret en kennis** uitleef!

**Godsdiens** bly vir ons baie belangrik en ons leer steeds ons maatjies van Jesus en die regte waardes. Ons personeel leef ook daarvolgens. Ouers wat beswaar het dat hul kleuter aan Godsdiensonderrig deelneem, moet skriftelik by die Skoolhoof aansoek doen om die uitsluiting van hul kleuter(s) gedurende die Godsdiensoefening.


KwetterBekkies Graad R se personeel het 'n passie en liefde vir kinders wat hulle ELKE dag uitleef. Ons personeel bestaan uit gekwalifiseerde onderwyseresse en opgeleide assistente.

Ons kennis van 32 jaar onderwyservaring deel ons graag met ons kleingoed. Ons klassies hou ons so klein as moontlik sodat elke maatjie baie individuele aandag en liefde kry. Ons skep 'n skooltjie in 'n huislike, maar effens meer formele en gestruktueerde omgewing – ten einde ons maatjies 100% voor te berei vir die "groot" skool.

KwetterBekkies groete

Stellie (eienares)

## ALGEMENE INLIGTING EN REËLS



### Graad R – TYE

| | |
|---|---|
| **Voorsorg :** | **07:00 – 08:00** |
| **Graad R :** | **08:00 – 12:30** |
| **Nasorg :** | **12:30 – 17:30** |

### SKOOLURE

Die amptelike skoolure is vanaf 08:00 tot 12:30, Maandag tot Vrydag. Kleuters moet asseblief soggens **betyds** by die skool afgelaai word. Kleuters wat nie nasorg bywoon nie, moet asseblief stiptelik om 12:30 gehaal word, aangesien personeel nie later as 12:45 vir kleuters verantwoordelik is nie.  Ons vra asseblief dat al ons kleuters gereeld skool sal bywoon en nie onnodig wegbly van die skool nie.

### VOORSORG

Die deure sal 07:00 oopmaak vir ouers wat van hierdie diens gebruik maak. Die kleuters sal om 08:00 na hulle onderskeie klasse gaan.  Pap sal in hierdie tyd aan maatjies gegee word.

### NASORG

'n Nasorg opsie is beskikbaar van Maandae tot Vrydae vanaf 12:30 tot 17:30. Middagete sal om 13:00 gegee word vir die maatjies wat nasorg toe gaan. Assistente sal help met hierdie diens in die middag.  Geen akademiese werk sal in hierdie tyd aangebied word nie.  Slegs maatjies wat in die nasorg is, eet middagete by ons.

### VAKANSIESORG

Vakansiesorg sal aangebied word gedurende die vakansies vanaf 07:00 tot 17:30, Maandag tot Vrydag.  Gedurende hierdie tyd sal lekker aktiwiteite vir die maats aangebied word en ook baie speeltyd.  Vakansiesorg sal gedurende die Maart, Junie/Julie en September vakansie aangebied word. Die vakansiesorg sluit aan die einde van die jaar saam met die WKOD skole.  **Geen** vakansiesorg in die Desember vakansie nie. Sussies en boeties (nie ouer as 9) van ons Graad R maatjies, is welkom om ons vakansiesorg by te woon.  Die kostes sal by navraag deurgegee word.

## TOELATINGSVEREISTE

Ons Graad R klasse is vir kleuters wat 6 (SES) jaar oud word in die betrokke skooljaar. Kleuters in Graad R mag slegs vir 'n verdere jaar die skool bywoon op aanbeveling van die klasonderwyseres, Skoolhoof en met toestemming van WKOD. Bewys van intervensie moet voorgelê word en ouers moet aansoek doen om vrystelling van skoolplig. Die finale goedkeuring vir toelating berus by die Beheerliggaam van die skool.

## BEHEERLIGGAAM/OUERKOMITEE

KwetterBekkies Graad R staan onder die beheer van 'n verkose beheerliggaam/ouerkomitee, gekies uit ouers en personeel van die skool. Slegs ouers met 'n kleuter in die skool is verkiesbaar en kan op die beheerliggaam/ouerkomitee dien. Hierdie beheerliggaam/ouerkomitee beheer van die praktiese sowel as sommige van die finansiële aspekte van die skool.

## KLASSE

KwetterBekkies Graad R het 3 Afrikaanse klasse en 1 Engelse klas. Ons hou ons klassies so klein as moontlik om al die nodige individuele aandag aan die kleuters te gee.

Daar is in elke klas 'n opgeleide B.Ed Juffrou. Ons het ook opgeleide assistente wat die Klasjuffrou ondersteun en help.

## SPRAAK- ARBEIDS- EN FISIOTERAPEUT

Daar sal Terapeute op die perseel wees wat die Klasjuffrouens kan ondersteun. Dit sal nie nodig vir ouers wees om rond te ry as hulle kleuters terapie nodig het nie. Kostes vir hierdie dienste is tussen ouers en die betrokke terapeut.

Terapeute se besonderhede:

| TERAPEUT | NAAM VAN TERAPEUT | KONTAKNOMMER | EPOS ADRES |
|---|---|---|---|
| Spraakterapeut | Annelize Claasens | 021 – 975 3696 | littlefiguresofspeech@gmail.com |
| Spraakterapeut | Ivette Weyers | 021 – 975 3696 | littlefiguresofspeech@gmail.com |
| Arbeidsterapeut | Johanlie de Bruin | 083 447 5107 | johanlieot@gmail.com |
| Fisioterapeut | Rozelle du Toit | 084 766 0214 | |
| Fisioterapeut | Sumeri van Niekerk | 064 722 7235 | |

## KURRIKULUM

Die Graad R klasse volg die Nasionale Kurrikulum en Assesserings Beleid Verklaring (CAPS/KABV) soos voorgeskryf deur die Departement van Basiese Onderwys. Die kurrikulum maak voorsiening dat leer op verskillende maniere plaasvind sodat die kleuters op 'n manier leer volgens hulle intelligensie en leerstyl. Tydens Huistaal onderrig sal die Funda Wande program gebruik word soos in skole gebruik word en "Jolly Phonics" tydens Home Language.

## DAGPROGRAM EN BEPLANNING

Die Departementele program word gevolg, wat skeppende, kognitiewe, musiek, beweging en perseptuele aktiwiteite insluit. Kleuters word ook van 'n groot verskeidenheid opvoedkundige speelgoed voorsien.

Ons lê veral klem op die holistiese ontwikkeling van die kind en fokus op die volgende leeareas: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. Die verskillende leerareas waarop gefokus word sal verseker dat kleuters onafhanklik kan werk, saam met maats kan werk, besluite kan neem en verantwoordelikheid leer.

**Die dagprogram sal die volgende insluit:**

Aankoms

Vryspel

Gesondheids "check"

Register, Bybel, samesang, verjaarsdae, weerbespreking, nuus

Oggendsirkel/temabespreking

Werktyd

Klein groepie aktiwiteit

Opruimtyd

Hande was en toiletroetine

Snackie tyd

Musiek en beweging

Vryspel

Hande was en toiletroetine

Storietyd

Etenstyd (nasorg maatjies)

Rustydjie (nasorg maatjies)

Aktiwiteite tydens Vryspel bestaan uit die volgende:

| VRYSPEL BINNE | VRYSPEL BUITE |
|---|---|
| Vrye kuns (verf, teken, modellering) | Water- en modderspel |
| Skeur en knip | Sandspel |
| Plak | Sensoriese spel |
| Blokkiesarea | Fantasiespel |
| Fyn motoriese aktiwiteite (vashou van potlode, tange en haartangetjies, legkaarte, ryg, weef, versiering van rame | Groot motoriese aktiwiteite (klim, swaai, balanseer ens.) |
| Fantasiespel | Blokspeletjies |
| Boekarea | Balspeletjies |
| Ontdekkingsarea (belangstellingstafel, die pas en sortering van karate) | Speelgoed met wieletjies |
| Musiekarea | Sandputspel |
| Skryfarea | Kunsaktiwiteite wat buite plaasvind |

## TEMAS

Ons sal weekliks/twee weekliks 'n tema aanbied. Temas is gebasseer op die kleuter se ervaringsveld en hul belangstellings. U sal kwartaalliks 'n lys van die onderskeie temas ontvang. U kan gerus ook met u kind tuis of in die motor daaroor gesels. Tydens Temabespreking neem die kinders aktief deel. Die Tema tafel sal die tema van die week uitbeeld. Daar sal elke week gefokus word op 'n klankie, getal en konsep. Maats sal van tyd tot tyd geleentheid kry om verskillende items/prente van die huis af te bring en met die ander maats te deel, dit berei hulle voor vir mondelinge in die Laerskool. (show and tell)

## LEERAREAS

Die verskillende leerareas waarop gefokus word sal verseker dat kleuters onafhanklik kan werk, saam met maats kan werk, besluite kan neem en verantwoordelikheid. Daar sal die volgende leeareas/speelhoekies wees wat gereeld gewissel word sodat die kleuters die verskillende vaardighede kan aanleer en nie verveeld raak nie. Bv. konstruksie, kuns, leeshoekie, fantasiespel, eksperiment en geletterdheid.

Baie aandag sal ook gegee word aan groot- en fyn motoriese vaardighede, asook sensoriese spel en ander perseptuele aktiwiteite.

## AKADEMIESE VORDERING

Deurlopende assessering sal deur die jaar plaasvind. In die 1ste Kwartaal sal daar ook 'n Aanpassingsverslag aan ouers gestuur word. Aan die einde van elke kwartaal sal die kleuters 'n volledige vorderingsverslag ontvang. Gedurende die kwartaal sal die Juffrouens terugvoer gee oor die ontwikkeling van u kind. Indien nodig sal afsprake gemaak word as daar enige bekommernisse is, sodat ons so gou moontlik aandag aan die probleem of uitval kan gee.

## OUERAFSPRAKE

Daar sal in Kwartaal 1 en 2 formele ouerafsprake wees waartydens ouers die geleentheid kry om afsprake met die Juffrouens te maak. Deeglike terugvoer sal gegee word. Indien ons bekommerd is oor 'n maatjie, sal daar geleentheid in Kwartaal 3 en 4 wees om weer 'n afspraak met die Juffrou te maak.

## HUISWERK

Ons het 'n **geen** Huiswerk-beleid in ons skool. As daar goedjies/werk is waarmee kinders sukkel of wat meer oefening verlang, sal ons ouers in kennis stel. Daardie goedjies kan dan op 'n speel-speel manier ingeoefen word by die huis. Vir ons is dit belangrik dat ons maatjies speel en tyd saam met Mamma en Pappa spandeer as hulle by die huis kom. Wenke en lekker idees sal aan ouers deurgegee word.

## GRAAD 1 SKOOLGEREEDHEIDSTOETSE/EVALUERING

Teen September/Oktober sal daar 'n geleentheid wees vir ouers om hulle kinders te laat evalueer vir skoolgereedheid vir Graad 1. Die skool sal al die nodige inligting met ouers deel.

## KWARTAAL BENODIGHEDE

Ons kleuters benodig die volgende items per kwartaal. Bring asseblief die benodighede in die **EERSTE** week van die skool in 'n gemerkte (met kind se naam op) plastieksak skool toe. Individuele items hoef nie gemerk te word nie.

Dit word van elke ouer verwag om asb. die benodighede kwartaalliks te stuur.

**KWARTAAL 1**

- 2 pakke "wetwipes"
- 4 rolletjies toiletpapier
- 1 groot bottel Dettol (750ml)
- 2 dose sneesdoekies (tissues)
- 1 pakkie pleisters sonder prentjies

- 1 vloeibare handwasseep
- 1 bottel lugverfrisser (air freshener)
- 1 groot bottel handsanitizer
- 2 rolle handdoekpapier (paper towel)

**KWARTAAL 2**

- 2 pakke "wetwipes"
- 5 rolletjies toiletpapier
- 2 dose sneesdoekies
- 1 vloeibare handwasseep
- 1 bottel lugverfrisser (air freshener)
- 1 groot bottel handsanitizer
- 1 rol handdoekpapier (paper towel)

**KWARTAAL 3 en 4**

Ons sal laat weet watter benodighede benodig word vir Kwartaal 3 en 4. Ouers sal 'n lysie aan die einde van die vorige kwartaal ontvang. Dit sal nie weer al die benodighede wees nie, net wat nodig is by die skool.

## ANDER BENODIGHEDE

'n Lysie van ander benodighede sal aan ouers gestuur word. Ons kyk ook na 'n opsie om 'n skryfbehoefte instansie soos PNA of Spectra te gebruik om vooraf die benodighede vir ouers te pak.

## WAT BRING ONS KLEUTERS ELKE DAG SKOOL TOE?

- Tas/rugsak duidelik gemerk met kind se naam en van, met die volgende items daarin:
- 'n Eksta skoon stel klere/onderklere (alles gemerk). Maak asb. seker dat daar **GENOEG** onderklere is vir glipsies/vuil word, eerder te veel as te min.
- Maatjies moet asb. NIE hulle beste klere skool toe aantrek nie, ons speel en mors nog baie. Daar moet nie jammer gevoel word vir die klere nie.

- Kosblikkie met gesonde "snacks" en 'n bottel met water of koeldrank/sap (gemerk)

1 (een) bottel is genoeg, as die bottel leeg is, sal ons lekker koue water ingooi, dit moedig ook sommer ons maatjies aan om water te drink. Probeer asb. by 1 (een) bottel hou, die kinders leer self om hulle bottel uit die "waterbak" te haal, as daar die heeltyd 'n ander bottel is, raak hulle deurmekaar.

- Sonhoed (vir die warm somersdae) Die hoedjies bly by die skool in die somermaande.
- Sonskerm (vir die ekstra warm somersdae) Smeer asb. (veral in die somer ons maats se gesiggies en oortjies **voor** hulle soggens afgelaai word). Ons sal weer die middag die gesiggies smeer.
- Plastieksakkies vir vuil/nat klere. Ons was nie vuil of nat klere nie, dit sal in die sakkies gesit word in die tassie.
- Skoene: moet self sy/haar skoene kan aan- en uittrek
- Somer: kaalvoet of baie gemaklike skoene/sandale

## VERLORE ITEMS

Verlore krat: Al die items wat nie gemerk is nie, sal in die krat gesit word deur die loop van die kwartaal. Loer asb. daar as jy iets soek wat verlore is. Ons sal op sekere tye die krat by ontvangs sit. **MERK ASB. ALLE ITEMS DUIDELIK**! As alles duidelik gemerk is, verhoed dit dat verkeerde goed in tassies beland. As daar per ongeluk iets van 'n ander maatjie in jou kind se sak beland, stuur asb. net terug die volgende dag.

## KOSBLIKKE

**ONS HOU ALTYD DIE KOSBLIK SO GESOND AS MOONTLIK!**

GEEN gaskoeldrank of energiedrankies asseblief! Kosblikkies en koeldrankbottels moet asseblief **DUIDELIK** gemerk wees. Al die los bakkies in die kosblik moet ook duidelik gemerk wees. Waterbottels moet asseblief nie doppies hê wat afgedraai hoef te word nie. (bv. die Valpre bottels nie)

Lekkers en ander lekkernye kan slegs op 'n **VRYDAG** ingepak word. (Geen kougom asb.)

## VERJAARSDAE

'n Verjaarsdag is 'n groot geleentheid in elke kind se lewe. Daar word 'n groot ophef gemaak van die verjaarsdagmaatjie op sy/haar spesiale dag. Die personeel sal seker maak die maatjie voel spesiaal en geliefd. Ouers is welkom om 'n verjaarsdagkoek (met kersies), "cupcakes" of partytjiepakkies vir die maatjies skool toe te stuur. Ons wil egter vra dat dit nie **TE** veel soetgoed/lekkergoed is nie. 'n Geskikte datum moet net asb. **vooraf** met ons gereël word.

U sal 'n lys aan die begin van die jaar ontvang met die verjaarsdae van al die maatjies.

## SIEKTES

Kinders met aansteeklike siektes moet asseblief tuis gehou word tot hul toestand nie meer aansteeklik is nie. Koorsige en siek kinders kan ongelukkig ook nie geakkommodeer word nie en moet liefs tuis versorg word.

Kinders op antibiotika moet ten minste vir die eerste **2 (TWEE)** dae tuis versorg word. Stel ons asb. in kennis as u kind siek is. Ons sal slegs 'n pynstropie (Panado) gee op u versoek, nadat ons u gekontak het. Die nodige toestemmingsvorm moet voltooi wees en by ons op lêer wees. Ouers sal gebel word as jy jou siek kind skool toe stuur. Ons moet dink aan al die ander maatjies en ook die personeel.

Medisyneboek: Die inskrywing MOET volledig wees en ouers moet daarby teken. Daar sal **GEEN** medikasie (andersins as Panado) gegee word nie, as daar nie 'n inskrywing is nie.

Die medisyne moet asb. in die medisynehouer geplaas word en nie op die kas of in die kind se sak gelaat word nie.

Stel ons ook asb. in kennis watter siekte u kind het/gehad het, sodat ons die ander kinders dop kan hou vir enige soortgelyke simptome.

Indien u kind enige van die volgende simptome gedurende die vorige 24 uur getoon het, moet hy/sy liefs tuis bly:

- vomering
- diarree
- ooginfeksie
- wurms
- kopluise
- hoë koors
- uitslag
- enige ander aansteeklike siekte of kindersiekte

Stel ons asb. so gou as moontlik in kennis indien jou kind 'n aansteeklike siekte of kopluise het, sodat ons die ander kinders se ouers kan inlig.

As die dokter sê dis veilig vir die kleinding om skool toe te kom, moet u asb 'n doktersertifikaat saam stuur skool toe. Dis baie belangrik!

## PUBLIEKE VAKANSIEDAE / VAKANSIES

Aan die begin van die jaar sal elke ouer 'n datumlys ontvang waarop ons sal aandui wanneer KwetterBekkies Graad R gesluit sal wees o.a. publieke vakansiedae en skole vakansiedae.

Let asseblief daarop dat geen fasiliteite gedurende daardie dae beskikbaar sal wees nie. Daar sal **VAKANSIESORG** aangebied word tydens die Maart, Junie/Julie en September vakansies. **Geen** ekstra kostes vir vakansiesorg nie. Daar sal egter **GEEN VAKANSIESORG** in Desember wees as die skool sluit nie. 'n Lys sal vooraf opgeplak word om te bepaal wie die vakansiesorg gaan bywoon.

Respekteer asb. die datum waarop die lys voltooi moet wees. Ons beplanning vir die vakansie word daarvolgens gedoen.

**DESEMBER** sluit KwetterBekkies Graad R en nasorg saam met die WKOD skole en begin in Januarie saam met die WKOD skole. Desembermaand se fooie is **voluit betaalbaar**, aangesien ons fooie oor 12 (twaalf) maande uitgewerk is.

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Verskeie buitemuurse aktiwiteite word vanaf Februarie by Graad R aangebied.

Die volgende moontlike buitemuurse aktiwiteite word by KwetterBekkies aangebied:

- Playball
- Monkeynastix
- Kinderkinetika
- Dance Mouse
- Rugga Roots
- Cricky cricket
- Funky Klankie
- Music Minds
- Clamber Club
- Cool-2-feel
- Curious Kriek
- Robotics

Bogenoemde aktiwiteite word een keer per week gedurende skoolure of in die middag aangebied. Tye en dae sal deurgestuur word aan ouers.

Die fooie van bogenoemde aktiwiteite is **addisioneel** en is NIE by ons maandelikse tariewe ingesluit nie. Die fooie word direk aan die persone in beheer oorbetaal.

Al die nodige inligting sal deurgegee word i.v.m. die verskillende buitemuurse aktiwiteite tydens ons Inligtingsaand in die begin van die jaar.  Tydens ons Inligtingsaand sal daar 'n uitstalling wees van die verskillende buitemuurse aktiwiteite.

Dit sal goed wees as elke maatjie aan ten minste 1 (een) buitemuurse aktiwiteit kan deelneem, maar dis nie verpligtend nie.  Ons aktiwiteite word so bepaal en gekies dat daar iets is vir almal om te doen en waar die meeste belangstelling is.

## BUITE SPEELAREA

Ons buite speelarea sal 'n veilige en ontdekkingsarea wees waar die kleuters heerlik kan speel, klim en klouter en net kind wees.  Ons sal tydens buitespel lekker werk aan groot motoriese vaardighede, sosiale vaardighede en lekker gesonde gewoontes soos oefening kweek.  'n Kundige arbeidsterapeut het ons gehelp met die ontwerp van die speelgrond.

## PARKERING

Neem asseblief mekaar in ag met die parkering.  Ons vra julle geduld in hierdie verband. Moet nie onnodig lank talm met die op- en aflaai nie.  Maak asb. ook seker daar is nie kinders wat uit 'n voertuig loop en om die motor loop nie.

## PERSOONLIKE INLIGTING VERANDERING

Stel ons asseblief in kennis van enige verandering van adres, telefoonnommer of geneesheer sodat ons ons inligting op die lêers en op ons stelsel op datum kan bring.

## SPEELGOED

**GEEN** speelgoed word skool toe gebring nie.  Dit raak weg, breek en veroorsaak groot hartseer onder die maats. Uitsonderings, met inagneming van die kind se emosionele behoeftes, kan gemaak word.  Dit gebeur soms dat kinders blokkies of ander artikels van die skool af huis toe neem in hulle tassies of broeksakke 😊.  U hoef nie ontsteld te raak nie, vra net dat hy/sy dit terugbesorg die volgende dag.

## FANTASIEKLERE/FANTASIESPEL/OPDRESS DAG

As daar ou konsertklere/kostuums is wat rondlê in u huise bv. ou hoede, klere, serpe, handsakke, fantasiekostuums, vlerkies, maskers ens. kan u dit gerus skool toe stuur.  Ons kinders is mal oor "opdress".

Ek vra ook dat as ons iets aantrek vir bv. 'n tema of 'n spesifieke dag, dat ouers sal seker maak dat hulle kind iets sal aantrek daarvolgens.  Dis nie lekker as hulle by die skool kom en almal is aangetrek en hulle nie.  Daar moet asb. nie onnodige onkostes aangegaan word vir dit nie – krap in die kaste en dink kreatief. U sal betyds in kennis gestel word van die datums.

## FONDSINSAMELINGS

Daar sal kwartaalliks 'n fondsinsameling wees. Die fondse sal aangewend word om ons skool verder te verbeter en mooi te maak. Alles sal teruggeploeg word in die skool. U sal betyds vooraf daarvan in kennis gestel word. Ons sal u samewerking in die verband waardeer. Ons wissel die fondsinsamelings af sodat dit interessant bly vir almal. Dit is ook 'n baie lekker manier om nuwe mense te ontmoet en nuwe vriende te maak. Van die fondsinsamelings deur die jaar sal saam met KwetterBekkies Dagsorg plaasvind.

## DISSIPLINE / GEDRAG

Indien u kind skuldig is aan afknouery (slaan, stamp, byt, skop ens.) of boeliegedrag wat op 'n gereelde basis voorkom, moet u asseblief verlief neem dat ons u in kennis sal stel. Ons (ouers en skool) sal dan saam aan 'n strategie werk om die gedrag te hanteer en te stop. As ons dissipline probleme ervaar, sal ons ook die ouers in kennis stel, sodat ons as 'n span daaraan kan werk.

## ANTI-BOELIE PROGRAM

KwetterBekkies Graad R sal 1(een) keer per jaar die Anti-boelie program aanbied. Tydens die program sal ons maatjies leer dat ons lief is vir mekaar en nie mekaar seermaak met woorde of fisies nie. Dit sal op 'n baie praktiese manier aan die maatjies verduidelik word.

## KOMMUNIKASIE

Alle korrespondensie sal via e-pos of whatsapp geskied. Maak dus seker dat ons u regte e-posadres het. Dit is belangrik dat ouers moet aandag gee aan hierdie skrywes of whatsapp boodskappe, aangesien belangrike inligting deurgegee word.

Daar sal 'n whatsapp-groepie gestig word waar Admin inligting vinnig kan deurgee en ook foto's met ouers deel.

## KENNISGEWING VAN AFWESIGHEDE

Ons moet asb. teen 07:30 in kennis gestel word d.m.v. 'n epos of whatsapp aan die Hoof, indien u kind afwesig is.

## FACEBOOK FOTO'S / SOSIALE MEDIA

Voltooi asseblief die nodige toestemmingsvorm om foto's op Facebook te deel, indien dit u goedkeuring wegdra. Die vorm word saam met die inskrywingsvorm voltooi. Dis u as ouers se keuse of ons foto's op sosiale media mag deel of nie.

## PROFESSIONELE FOTO'S

Daar sal 1 x 'n jaar professionele foto's geneem word by KwetterBekkies Graad R. Ouers sal vooraf in kennis gestel word van die datum. Die bestelling van foto's is vir u eie onkostes. Daar sal 'n lys wees waar u kan aandui of u foto's wil laat neem.

## FACEBOOK / WEB-TUISTE

Loer gerus op ons webtuiste en Facebook blad wat ons alles doen.

FB Uitzicht: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesUitzicht

FB Sonstraal: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesSonstraal

FB Brackenfell: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesBrackenfell

FB Graad R: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesGraadR

Webtuiste: https://kwetterbekkies.co.za

## VEILIGHEID EN HEK

- Indien iemand anders u kind by die skool kom haal, moet die Hoof asb. telefonies of per whatsapp in kennis gestel word. Indien werknemers van ouers die kinders kom haal, moet ons ook asb. kennis dra daarvan. Stuur asb. 'n foto op whatsapp van die persoon wat u kind kom haal.
- GEEN kind mag gevra word om die hek oop te maak nie. Dis baie belangrik!
- Maak asb. seker die hek is **TOE**, as u uitgaan.

## KWETTERBEKKIES T-HEMPIES/"SWEATERS"

Ons het KwetterBekkies hempies en "sweaters" wat die maats kan dra. Die hempies en "sweaters" sal te koop wees. Ons KwetterBekkies dra hulle hempies wanneer ons instappies het en op spesiale geleenthede, asook enige ander dag van die week. Bestelling van die hempies en "sweaters" sal in die begin van die jaar gedoen word en ook weer later in die jaar, as daar nuwe maatjies is.

## KWETTERBEKKIES SNOEPIE

Op Vrydae sal maatjies die geleentheid kry om ietsie lekker by KwetterBekkies Snoepie te koop. Dit leer hulle om besluite te neem oor wat hulle met hulle geldjie wil koop. Ons kan dalk 'n hele paar goeie en vernuftige sakemanne/vrouens onder die klompie hê. 😊

## BETALINGS en FOOIE

Fakture word elke maand rondom die 24ste van die maand na ouers ge-epos en is betaalbaar teen maand einde. Alle fooie is dus vooruitbetaalbaar. KwetterBekkies Graad R fooie strek oor **12 maande.**

KwetterBekkies Graad R het ook sekere finansiële verpligtinge wat maandeliks nagekom moet word en ons vra u om asseblief stiptelik u betalings te maak. Indien u teen die tweede van 'n maand nog nie betaal het nie, sal u 'n "reminder" ontvang. Vanaf die 4de van 'n maand sal 'n **10% boete** gehef word. Die volgende tariewe is vir 2026.

**MAANDELIKSE FOOIE VIR 2026**

**Voorsorg :** R500 per maand (Ontbyt ingesluit)

**Graad R :** R3 400 per maand oor 12 maande

**Nasorg :** R1 000 per maand (middagete ingesluit)

Vakansiesorg is ingesluit by die maandelikse fooie.

Ons probeer om ons jaarlikse verhoging so laag as moontlik te hou, maar daar sal elke **JANUARIE** 'n **JAARLIKSE** verhoging wees wat bereken word met inagname van die bestaande inflasiekoers en ander ekonomiese/finansiële faktore. Die skoolgelde vir die volgende jaar word eers einde Oktober van die huidige jaar vasgestel en sal daarna skriftelik gekommunikeer word aan ouers.

**ANDER FOOIE BETAALBAAR: 2026**

**Registrasiefooi:** R1500 per kind. (eenmalig betaalbaar)

Die registrasiefooi is betaalbaar tydens die inskrywing van die Graad R KwetterBekkie.

Die fooi verseker u kind se plekkie by ons. Die registrasiefooi is **NIE** terugbetaalbaar nie. Die maats wat moontlik heringeskryf word vir die volgende jaar, betaal nie weer die registrasiefooi nie.

**<u>Ontwikkelingsfooi</u>:** R1200 per kind. (jaarliks betaalbaar)

Die ontwikkelingsfooi is betaalbaar saam met die Januarie fooi en word **jaarliks** betaal. Die geld word aangewend vir die aankope van skryfbehoeftes, administrasiekostes te dek sowel as benodighede bv. nuwe legkaarte, opvoedkundige speletjies, speelgoed en leesboeke.

## BEËINDIGING VAN BYWONING

Dit is **verpligtend om EEN volle kalendermaand skriftelik kennis te gee** indien u om welke rede sou besluit om u kind weg te neem. Die volle maandfooi is betaalbaar vir die kennisgewing kalendermaand. Baie belangrik: **Geen kennis sal aanvaar word in November vir Desember nie**. Ouers sal verplig wees om nog steeds Desember se fooie te betaal.

Indien kinders gedurende die skoolkwartaal op vakansie gaan of om enige ander rede nie die skool kan bywoon nie, moet die maandelikse fooi nog steeds betaal word. Dit sluit ook in as ouers besluit om weens siekte of aanbeveling van 'n pediater/dokter 'n kind vir 'n tydperk gedurende die wintermaande uit die skool te hou.

## BANKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | KwetterBekkies Dagsorg/Graad R |
| Bank: | FNB Cape Gate |
| Takkode | 250655 |
| Tjek rekening | 62869408536 |

**BELANGRIK** Gebruik asb. ALTYD die volgende voorbeeld van verwysing met alle betalings : KBR gevolg deur U kind se naam – Bv "KBR Nika"

## ALGEMENE INLIGTING

**Lig my asb. in oor gebeure wat tuis plaasgevind het of in die familie wat moontlike vreemde gedrag by u kleintjie kan veroorsaak. (soos bv. Pappa/mamma wat uitstedig is, iemand wat oorlede is, 'n troeteldier wat weg is…ens.) Dis BAIE BELANGRIK! So kan ons EKSTRA liefde, aandag en drukkies gee.**

## OPBOUENDE KRITIEK

Ons verwelkom dit dat u oor enige saak wat u pla dadelik met ons sal kom gesels sodat ons aandag daaraan kan gee.  Sonder u insette kan ons nie aan 'n sterk en geloofwaardige Graad R skool bou nie.

Al wat u nou te doen staan, reël gerus met ons 'n afspraak om te kom inloer of voltooi die nodige inskrywingsvorm.  Ons sien uit daarna om u en u kleinding te ontmoet.  As daar enige vrae is, vra gerus.

**Die Graad R is aanvullend tot die ouerhuis en daar sal voortdurend gepoog word om 'n veilige en rustige atmosfeer te skep waar die kinders kan leer, lag en speel.**



**Ons vertrou dat u kind werklik gelukkig by KwetterBekkies Graad R sal wees.**

**Ek EN my personeel onderneem om na die beste van ons vermoëns en kennis na u kind om te sien.**

